VERKORTE JAARVERSLAG

SENWES BEL

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING EN BESTEK VAN DIE VERSLAG	bl 2
RAAD VAN DIREKTEURE	bl 3
VOORSITTERSVERSLAG VIR DIE SENWESBEL GROEP	bl 5
5-JAAR OORSIG OOR DIE BELEGGING IN SENWES BEPERK	bl 7
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE	bl 8
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE	bl 9
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT	bl 10
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI	bl 11
SEGMENTOORSIG VAN DIE SENWESBEL GROEP	bl 12

INLEIDING EN **BESTEK VAN DIE VERSLAG**

Die Senwesbel direksie bied met trots aan die verkorte jaarverslag vir die Senwesbel groep vir die jaar geëindig 30 April 2019. Die verslag moet saamgelees word met die volledige finansiële jaarstate (slegs beskikbaar in Engels) op die Senwes webtuiste. 'n Onafhanklike oudit van die groep se finansiële jaarstate is deur Ernst & Young Ing. uitgevoer.

Senwesbel Beperk, as beleggingsmaatskappy, is die grootste aandeelhouer in Senwes Beperk, wat ook die enigste belegging is wat deur Senwesbel gehou word. 'n Korporatiewe beheerverslag, bedryfsoorsig en volhoubaarheidsverslag is nie in die Senwesbel verkorte jaarverslag ingesluit nie. Verwys na die Senwes webtuiste, www.senwes.co.za, waar dié verslae volledig geopenbaar word.

Hierdie verslag fokus op die gebeure wat gedurende die jaar geëindig 30 April 2019 plaasgevind het en maak relevante vergelykings met vorige tydperke.

VERSLAGDOENINGSBEGINSELS

Waar toepaslik voldoen die inligting wat hierin verskaf word aan die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet nr. 71 van 2008. Die rekeningkundige beleid wat deur die groep toegepas is gedurende die jaar onder oorsig, is in ooreenstemming met die beleid wat gevolg is in die voorbereiding van die groep se jaarlikse finansiële state van die vorige jaar, behalwe waar rekeningkundig standaarde verander en/of opgedateer is.

Die inligting in hierdie verslag is nie aan 'n onafhanklike oudit of oorsig onderwerp nie en is saamgestel op grond van interne rekords en publieke inligting onder toesig van EX Walker, GR (SA).

RAAD VAN **DIREKTEURE**

AJ (DRIES) KRUGER

VOORSITTER

Direkteur sedert Oktober 2007

Kwalifikasies: B.Compt. (Hons) (Rek), GR (SA)
Lid van Senwesbel Ouditkomitee
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees:
Oudit, Belegging, Vergoeding en Nominasie

NDP (NICO) LIEBENBERG

Direkteur sedert Augustus 2008

Kwalifikasies: B.Com. (Hons),
M. Volhoubare Landbou
Voorsitter van Senwesbel Ouditkomitee
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees:
Vergoeding (Voorsitter), Risiko en Oudit

TF (TOM) VAN ROOYEN

Direkteur sedert November 2013

Kwalifikasies: B.Sc. Landbou (Hons)
(Landbouekonomie)
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees:
Sosiale & Etiese en Risiko

WH (THABO) VAN ZYL

Direkteur sedert Augustus 2012

Kwalifikasies: B.Sc. Landbou
(Landbouekonomie)
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees:
Vergoeding en Risiko (Voorsitter)

JDM (DANIE) MINNAAR

Direkteur sedert September 1999
Kwalifikasies: B.Com. (Ekonomie)
Lid van Senwesbel Ouditkomitee
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees:
Senwes direksie (Voorsitter), Nominasie (Voorsitter), Belegging en ex officio-lid van alle Senwes direksiekomitees

AE (ALWYN) SCHOLTZ

MAATSKAPPYSEKRETARIS

Maatskappysekretaris sedert September 2010
Kwalifikasies: B.Com. (Regte), LLB
Toegelate prokureur en aktevervaardiger van die Hoër Hof

JJ (JACO) MINNAAR

Direkteur sedert Augustus 2011
Kwalifikasies: B.Ing. (Landbou)
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees:
Risiko en Vergoeding

VOORSITTERSVERSLAG **VIR DIE SENWESBEL GROEP**

AJ (DRIES) KRUGER

VOORSITTER

GEAGTE AANDEELHOUER

'*Aan 'n nuwe wa kan jy sien of dit 'n goeie verwer was, aan 'n oue of dit 'n goeie wamaker was.*' **CJ Langenhoven**.

Senwes is vanjaar 'n 110 jaar oud. As ons terugkyk oor die afgelope jaar kan mens weer met trots sê dat die genetika wat die groep so lank gedra het, nog gedy.

Daar is weer, te midde van vele uitdagings in die landbou sowel as moeilike ekonomiese en politieke omstandighede, geslaag om nie net winsgewend te wees nie maar bo verwagting te presteer. Hierdie uitdagings word volledig deur Danie Minnaar in sy 2019 Voorsittersverslag van die Senwes groep bespreek daarom word dit nie hier herhaal nie.
Die volgehoue prestasie van die Senwes groep het dit moontlik gemaak dat Senwesbel die afgelope jaar 'n dividend inkomste van R54 miljoen ontvang het en die beleggingswaarde in Senwes in wese behoue gebly het op om en by R1,1 miljard.

Die lae verhandeling van Senwes en Senwesbel aandele veroorsaak dat die aandele teen `n diskonto verhandel. Gemeet teen die prestasie van 'n JSE-aandeelbeurs die afgelope twee jaar en as in ag geneem word dat min aandele verhandel en beskikbaar is vir verhandeling, het die groep se aandelepryse redelik presteer. Die strategiese fokus van die direksie is en bly waardeskepping en die soek na geleenthede vir ontsluiting deur, onder andere, die ondersteuning van Senwes se kort- en langtermynbelange.

Die suksesvolle verkryging van die meerderheidsbelang deur die Senwes groep in KLK Landbou Beperk was ongetwyfeld ‘n hoogtepunt en ‘n groot prestasie. Dit is vir ons ‘n groot voorreg om die KLK aandeelhouers wat gekies het om Senwesbel aandele op te neem, by ons te verwelkom. Aangesien die KLK transaksie na jaareinde gesluit is, reflekteer die impak van die transaksie egter nog nie in die 30 April 2019 state nie.

VOORUITSIGTE

Die direksie beoog om in die komende jaar voort te gaan met die strategieë wat die afgelope jare geïmplementeer is met betrekking tot beide waardeskepping en ontsluiting, wat insluit:

- Terugkoop van Senwesbel aandele;
- Koop en/of verkoop van Senwes aandele;
- Samewerking met ander landboubedrywe;
- Ondersteuning van Senwes met die verdere uitbreiding van bedrywe en beleggings; en
- Evaluering van die voortgesette toepaslikheid van die huidige beheerstruktuur.

BEDANKINGS

Aan die direkteure, personeel en bestuur van Senwesbel en Senwes, vir julle volgehoue toewyding en passie in die uitvoering van jul pligte – baie dankie daarvoor.

Laastens moet ons met nederigheid weer erken dat ons net met dank erkenning kan gee aan ons Hemelse Vader, wat ons lei en behoed en deur Wie alles moontlik is.

Dit is dus my voorreg om aan u hierdie state en verslag te kan voorhou.

AJ KRUGER
Voorsitter
Klerksdorp
27 Junie 2019

5-JAAR OORSIG OOR DIE BELEGGING

IN SENWES BEPERK

Senwesbel Beperk besit 'n 52,9% belang in Senwes Beperk soos op 30 April 2019. Die belegging se kernstatistiek is soos volg:

	2019	2018	2017	2016	2015
Senwesbel se belang in Senwes (%)	**52,9**	52,6	52,9	52,0	51,6
Omset uit voortgesette bedrywe (R'm)	**2 687**	2 792	2 497	2 253	2 326
Wins na belasting (R'm)	**283**	311	167	156	247
Verdienste per aandeel (sent)	**169,1**	185,3	98,3	90,6	143,4
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	**177,5**	195,5	108,4	79,3	175,2
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**1 404,7**	1 303,9	1 166,5	1 103,1	1 054,6
Sluitingsmarkprys (sent)	**1 100,0**	1 100,0	1 040,0	1 050,0	1 150,0
Groei in markprys (%)	-	5,8	(1,0)	(8,7)	7,0
Totale dividend (sent)	**60,0**	54,0	45,0	45,0	50,0
Finale dividend voorgestel (sent)	**30,0**	27,0	25,0	20,0	26,0
Tussentydse dividend betaal (sent)	**30,0**	27,0	20,0	25,0	24,0
Opbrengs op openingsekwiteit (%)	**13,0**	15,7	8,9	8,6	15,0
Opbrengs op gemiddelde ekwiteit (%)	**12,5**	15,0	8,7	8,4	14,3
Dividendopbrengs op openingsmarkprys (%)	**5,5**	5,2	4,3	3,9	4,7
Dividendopbrengs op gemiddelde markprys (%)	**5,5**	5,0	4,3	4,1	4,5
Totale aandeelhouersopbrengs op openingsmarkprys (%) (kapitaalgroei plus dividende)	**5,5**	11,0	3,3	(4,8)	11,6

ENKELE HOOGTEPUNTE VAN DIE BELEGGING IS SOOS VOLG:

- Wins na belasting van R283 miljoen, wat 'n 13,0% opbrengs op openingsekwiteit verteenwoordig.
- Dividendopbrengs op openingsmarkprys van 5,5% (2018: 5,2%).
- Verdienste per aandeel neem af na 169,1 sent per aandeel (2018: 185,3 sent per aandeel).
- Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel neem af na 177,5 sent per aandeel (2018: 195,5 sent per aandeel).
- Netto batewaarde per aandeel styg met 7,7% tot 1 404,7 sent per aandeel (2018: 1 303,9 sent per aandeel).

DIE VOLGENDE IS RELEVANTE BELEGGINGSTATISTIEK TEN OPSIGTE VAN DIE BELEGGING:

	2019	5 - jaar gemiddeld
Prysverdiensteverhouding – genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (keer)	**6,2**	8,2
Totale aandeelhouers opbrengs op openingsmarkprys (%)	**5,5**	5,3
Dividenddekking (keer)	**2,8**	2,7

SENWESBEL NETTO BATEWAARDE PER AANDEEL:

	2019	2018	2017	2016	2015
Netto batewaarde per aandeel (R) (maatskappy)	**7,96**	7,96	7,47	7,44	7,79
Netto batewaarde per aandeel (R) (groep)	**13,97**	13,23	11,92	11,20	10,68

Senwesbel Beperk het gedurende die afgelope finansiële jaar 638 414 aandele in Senwes Beperk bekom.

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 30 APRIL 2019

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2019 R'm	2018 R'm	**2019 R'm**	2018 R'm
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Eiendom, aanleg en toerusting	**1 438**	1 291	-	-
Klandisiewaarde	**9**	-	-	-
Belegging in filiaal	-	-	**1 052**	1 045
Belegging in gesamentlike ondernemings	**227**	265	-	-
Belegging in geassosieerde	**28**	27	-	-
Ander finansiële bates	**5**	4	-	-
Langtermyngedeelte van ander lenings ontvangbaar	**6**	3	-	-
Lenings en ander bedrae ontvangbaar	**1 204**	1 079	-	-
Uitgestelde belastingbate	**24**	31	-	-
Totale nie-bedryfsbates	**2 941**	2 700	**1 052**	1 045
Bedryfsbates				
Voorraad	**609**	995	-	-
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar	**2 881**	2 828	-	-
Ander lenings ontvangbaar	**28**	134	-	-
Voorraad gehou onder vaste verkoopsverbintenisse	**234**	144	-	-
Afgeleide finansiële instrumente	**52**	53	-	-
Belasting ontvangbaar	**7**	-	-	-
Kontant en korttermyndeposito's	**31**	-	-	-
Totale bedryfsbates	**3 842**	4 154	-	-
TOTALE BATES	**6 783**	6 854	**1 052**	1 045
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE				
Ekwiteit				
Uitgereikte aandelekapitaal	**5**	1	**5**	1
Aandelepremie	**498**	498	**498**	498
Nie-verdeelbare reserwes	**78**	78	**78**	78
Ander reserwes	**45**	56	**386**	386
Behoue inkomste	**981**	871	**(55)**	(59)
Eie ekwiteit	**1 607**	1 504	**912**	904
Nie-beherende belang	**1 243**	1 163	-	-
Totale ekwiteit	**2 850**	2 667	**912**	904
Nie-bedryfslaste				
Rentedraende lenings	**1 002**	1 002	-	-
Ander finansiële verpligtinge	**59**	-	-	-
Uitgestelde belastinglas	**310**	252	**108**	108
Totale nie-bedryfslaste	**1 371**	1 254	**108**	108
Bedryfslaste				
Handels- en ander rekeninge betaalbaar	**538**	599	**1**	1
Kontraktuele verpligtinge	**39**	79	-	-
Rentedraende lenings	**1 837**	1 985	-	-
Ander lenings betaalbaar	**46**	43	-	-
Afgeleide finansiële instrumente	**30**	66	-	-
Belasting betaalbaar	-	8	-	-
Korttermynaansporingsbonusse	**26**	47	-	-
Oortrokke bank	**31**	35	**31**	32
Ander finansiële laste	-	65	-	-
Voorsienings	**15**	6	-	-
Totale bedryfslaste	**2 562**	2 933	**32**	33
Totale laste	**3 933**	4 187	**140**	141
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**6 783**	6 854	**1 052**	1 045

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2019

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2019 R'm	2018 R'm	**2019 R'm**	2018 R'm
Dienste gelewer	**813**	793	**-**	-
Inkomste uit die verkoop van goedere	**1 500**	1 659	**-**	-
Inkomste uit kontrakte met kliënte	**2 313**	2 452	**-**	-
Finansieringsinkomste	**374**	340	**-**	-
Inkomste	**2 687**	2 792	**-**	-
Koste van verkope	**(1 224)**	(1 358)	**-**	-
Bruto wins	**1 463**	1 434	**-**	-
Dividende ontvang	**-**	-	**54**	50
Wins met verkoop van Senwes aandele	**-**	-	**-**	7
Distribusie-, verkoops- en administratiewe uitgawes	**(848)**	(789)	**(4)**	(4)
Kredietverlies uitgawes op finansiële bates	**(15)**	3	**-**	-
Bedryfswins	**600**	648	**50**	53
Finansieringskoste	**(215)**	(225)	**(2)**	(2)
Wins /(verlies) van gesamentlike ondernemings en geassosieerde	**6**	(5)	**-**	-
Wins voor belasting	**391**	418	**48**	51
Belasting	**(115)**	(121)	**-**	(2)
Wins vir die jaar na belasting	**276**	297	**48**	49
Ander omvattende inkomste herklassifiseerbaar na wins of verlies, na belasting	**1**	-	**-**	39
Totale omvattende inkomste vir die jaar na belasting	**277**	297	**48**	88
Wins toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**154**	164		
Nie-beherende belang	**122**	133		
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**155**	164		
Nie-beherende belang	**122**	133		

VERDIENSTE PER AANDEEL

	2019 sent/ aandeel	2018 sent/ aandeel
Basiese en verwaterde verdienste	**135,0**	141,0
Genormaliseerde wesensverdienste	**142,0**	156,8

DIVIDENDE VIR DIE JAAR

Dividende per aandeel betaal gedurende die jaar	**40**	34
Vorige jaar finale dividend	**19**	15
Interim dividend	**21**	19
Finale dividend per aandeel voorgestel	**21**	19

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	UITGEREIKTE AANDELEKAPITAAL	AANDELEPREMIE	NIE-VERDEELBARE RESERWES	VERANDERING IN EIENAARSKAP EN ANDER RESERWES	BILLIKEWAARDEAANPASSING	AANDEELGEBASEERDE BETALINGSRESERWE	BEHOUE INKOMSTE	EKWITEIT VAN FILIAAL	NIE-BEHERENDE BELANG	TOTALE EKWITEIT
	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm
GROEP										
Balans op 30 April 2017	1	498	78	50	(29)	23	762	4	1 099	2 486
Totale omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	164	-	133	297
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	164	-	133	297
Dividende	-	-	-	-	-	-	(40)	-	(40)	(80)
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	-	-	-	-	-	7	-	-	5	12
Terugkoop van aandele van nie-beherende belang	-	-	-	15	-	-	-	-	(15)	-
Terugkoop van eie ekwiteitsaandele	-	-	-	-	-	-	(15)	-	-	(15)
Senwes aandele terugkoop van tesourie-aandele	-	-	-	(14)	-	-	-	-	(19)	(33)
Balans op 30 April 2018	**1**	**498**	**78**	**51**	**(29)**	**30**	**871**	**4**	**1 163**	**2667**
Totale omvattende inkomste	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**154**	**1**	**122**	**277**
Wins vir die jaar	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**154**	**-**	**122**	**276**
Ander omvattende inkomste	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**1**	**-**	**1**
Dividende	**4**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**(45)**	**-**	**(43)**	**(84)**
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**(7)**	**-**	**-**	**7**	**-**
Terugkoop van aandele van nie-beheerende belang	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**(6)**	**(5)**
Verandering in eienaarskap van gesamentlike onderneming	**-**	**-**	**-**	**(5)**	**-**	**-**	**-**	**-**	**(5)**	**(10)**
Verandering in belegging in filiaal	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**5**	**5**
Vorige jaar aanpassing in filiaal	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**1**	**-**	**-**	**1**
Balans op 30 April 2019	**5**	**498**	**78**	**46**	**(29)**	**23**	**981**	**5**	**1243**	**2850**
MAATSKAPPY										
Balans op 30 April 2017	1	498	78	-	347	-	(53)	-	-	871
Totale omvattende inkomste	-	-	-	-	39	-	49	-	-	88
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	49	-	-	49
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	39	-	-	-	-	39
Dividende	-	-	-	-	-	-	(40)	-	-	(40)
Terugkoop van eie ekwiteitsaandele	-	-	-	-	-	-	(15)	-	-	(15)
Balans op 30 April 2018	**1**	**498**	**78**	**-**	**386**	**-**	**(59)**	**-**	**-**	**904**
Totale omvattende inkomste	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**48**	**-**	**-**	**48**
Wins vir die jaar	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**48**	**-**	**-**	**48**
Dividende	**4**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**(45)**	**-**	**-**	**(41)**
Balans op 30 April 2019	**5**	**498**	**78**	**-**	**386**	**-**	**(55)**	**-**	**-**	**912**

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2019

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2019 R'm	2018 R'm	**2019 R'm**	2018 R'm
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**148**	290	**7**	4
Kontant uit/(gebruik deur) bedryfsaktiwiteite	**704**	809	**(4)**	(4)
Dividende ontvang	**-**	-	**54**	50
Finansieringskoste betaal	**(215)**	(225)	**(2)**	(2)
Belasting betaal	**(64)**	(86)	**-**	-
Dividende betaal	**(84)**	(80)	**(41)**	(40)
Verandering in bedryfskapitaal	**(193)**	(128)	**-**	-
Netto kontantvloei gebruik deur beleggingsaktiwiteite	**(112)**	(248)	**(6)**	8
Aankope van eiendom, aanleg en toerusting	**(188)**	(141)	**-**	-
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**3**	3	**-**	-
(Aankoop)/verkoop van finansiële bates	**(6)**	8	**(6)**	8
Verkryging van filiaal	**(25)**	-	**-**	-
Dividende ontvang van beleggings in gesamentlike ondernemings	**2**	4	**-**	-
Addisionele lenings ontvang vanaf verwante partye	**14**	55	**-**	-
Terugbetaling van lenings aan verwante partye	**(11)**	(56)	**-**	-
Addisionele lenings toegestaan aan verwante partye	**(49)**	(124)	**-**	-
Terugbetaling van lenings aan verwante partye	**148**	3	**-**	-
Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite	**36**	42	**1**	12
Netto kontantvloei gebruik deur finansieringsaktiwiteite	**(1)**	(62)	**-**	(15)
Terugkoop van eie ekwiteitsaandele	**(1)**	(47)	**-**	-
Terugkoop van aandele/transaksies met nie-beherende aandeelhouers	**-**	(15)	**-**	(15)
Netto afname in kontant en kontantekwivalente	**35**	(20)	**1**	(3)
Kontant en kontantekwivalente - begin van die jaar	**(35)**	(15)	**(32)**	(29)
Kontant en kontantekwivalente - einde van die jaar	**-**	(35)	**(31)**	(32)

SEGMENTOORSIG
VAN DIE SENWESBEL GROEP

SEGMENTINLIGTING

Vir bestuurs- en beheerdoeleindes is die groep georganiseer in bedryfseenhede op grond van hul produkte, dienste en klante wat uit die volgende rapporteerbare segmente bestaan:

BELEGGINGSAKTIWITEITE
(Senwesbel)

Dit is Senwesbel se strategie om te belê in landbou en landbouverwante besighede. Op jaareinde besit Senwesbel slegs aandele in Senwes Beperk.

FINANSIËLE DIENSTE
(Senwes Credit, Senwes Batefinansiering, Certisure groep en Molemi Sele)

Toestaan van krediet aan landbouprodusente en graankopers. Senwes Credit verskaf ook landboudienste aan sy groeiende kliëntebasis. Certisure se inkomste sluit kommissie ontvang op korttermyn-, oes- en lewensversekeringspremies en administrasiefooie in. Molemi Sele hou beleggings in landboumaatskappye, 'n indeksnavolgingsfonds en selherversekering.

INSETVERSKAFFING
(Senwes Equipment, JD Implemente, Staalmeester, Hinterland groep en Bastion Lime group)

Verkope by die handelstakke, direkte verkope van boerderyinsette en verkope van meganisasiegoedere en onderdele, asook die diens van sodanige boerdery- en ander meganisasiegoedere. Grootmaatverkope van landbou en industriële kleinhandelsprodukte aan landbou-kleinhandelsafsetpunte.

MARKTOEGANG
(Senwes Grainlink, Tradevantage, Senwes Graanmakelaars, Grainovation en ESC)

Inkomste ontvang vir die hantering en berging van landbouprodukte, sowel as die vervoer van graankommoditeite. Kommissie ontvang vir die bemarking van graan en inkomste ontvang uit die verkope van eie graan. Elektroniese uitreiking en verhandeling van silosertifikate.

KORPORATIEF
(Senwes Aandeelaansporing-skema Trust, Thobo Trust, Senwes Capital en Senwes Agrowth)

Hoofkantoordienste, inligtingstegnologie, menslike hulpbronne, eiendomme, sentrale administrasie, vlootbestuur, sekretariaat, korporatiewe bemarking, risikobestuur, interne oudit, strategiese ontwikkeling, groepfinansies, innovasie en integrasie, besigheidsontwerp en tesourie en korporatiewe beheer.

Inkomstebelasting word op 'n groepsbasis bestuur en word nie na bedryfsegmente toegedeel nie. Dienste gelewer tussen verwante partye, soos getoon in bedryfsegmente, is op 'n armlengtebasis soos soortgelyke transaksies met derde partye. Die Uitvoerende Komitee monitor die bedryfsresultate van sy bedryfseenhede apart vir doeleindes van die neem van besluite oor hulpbronne en prestasie-evaluering. Segmentprestasie word geëvalueer op grond van bedryfswins of -verlies en konsekwent gemeet teenoor bedryfswins of -verlies in die gekonsolideerde finansiële state.

NOTAS TOT SEGMENTOORSIG (VERVOLG)

SEGMENTINKOMSTE EN -RESULTATE

	GROEP			
	SEGMENTINKOMSTE		SEGMENTWINS/ (VERLIES)	
	2019 R'm	2018 R'm	**2019 R'm**	2018 R'm
Beleggingsaktiwiteite	-	-	**(6)**	(14)
Finansiële dienste	**348**	321	**168**	160
Finansieringsinkomste uit bedryfsaktiwiteite en SLA-inkomste	**349**	324	**292**	286
AgriRewards	**(1)**	(3)	**(1)**	(3)
Finansieringskoste	-	-	**(133)**	(132)
Wins uit gesamentlike ondernemings	-	-	**10**	9
Insetverskaffing	**1 485**	1 425	**30**	(59)
Inkomste/(verlies) uit die verkoop van goedere en dienste gelewer	**1 598**	1 548	**82**	(1)
Intragroepverkope	**(113)**	(123)	**-**	-
Finansieringskoste	-	-	**(40)**	(36)
Verlies uit gesamentlike ondernemings	-	-	**(12)**	(22)
Marktoegang	**758**	942	**300**	412
Inkomste uit kommoditeitsverhandeling, verkope van goedere en lewering van dienste*	**3 003**	4 636	**340**	475
AgriRewards	**(16)**	(25)	**(16)**	(25)
Intragroep verkope	**(2 229)**	(3 669)	**-**	-
Finansieringskoste	-	-	**(32)**	(46)
Wins uit gesamentlike ondernemings	-	-	**8**	8
Normale bedryfsaktiwiteite	**2 591**	2 688	**492**	499
Korporatief	**96**	104	**(100)**	(81)
SLA-inkomste	**66**	73	**15**	12
Gesamentlike ondernemingsrente-inkomste	**30**	31	**32**	31
Finansieringskoste	-	-	**(8)**	(11)
Korporatiewe koste	-	-	**(139)**	(113)
Totale inkomste	**2 687**	2 792	**-**	-
Wins voor belasting			**392**	418
Belasting			**(115)**	(121)
Wins na belasting			**277**	297

** Meer as 10% van die inkomste uit kommoditeitsverhandeling is gegenereer deur twee sakevennote wat R302 miljoen beloop het. (2018: R413 miljoen)*

NOTAS TOT SEGMENTOORSIG (VERVOLG)

NETTO SEGMENTBATES

	GROEP					
	BATES		LASTE		NETTO	
	2019 R'm	2018 R'm	**2019 R'm**	2018 R'm	**2019 R'm**	2018 R'm
Beleggingsaktiwiteite	**723**	-	**-**	-	**723**	-
Finansiële dienste	**3 800**	3 405	**(2 044)**	(1 948)	**1 756**	1 457
Insetverskaffing*	**865**	1 318	**(548)**	(885)	**317**	433
Marktoegang	**1 159**	1 941	**(786)**	(852)	**373**	1 089
Totale bedrywighede	**6 547**	6 664	**(3 378)**	(3 685)	**3 169**	2 979
Korporatief	**212**	159	**(214)**	(217)	**(2)**	(58)
Beleggingsaktiwiteite	**-**	-	**(31)**	(33)	**(31)**	(33)
Totale segmentbates/(laste)	**6 759**	6 823	**(3 623)**	(3 935)	**3 136**	2 888
Uitgestelde belasting	**24**	31	**(310)**	(252)	**(286)**	(221)
Totaal	**6 783**	6 854	**(3 933)**	(4 187)	**2 850**	2 667

** Bates sluit in die belegging in die gesamentlike onderneming, Hinterland, van R 98 miljoen (2018: R146 miljoen).*

KORPORATIEWE **INLIGTING**

SENWESBEL BEPERK
Reg nr: 1996/017629/06

POSADRES
Posbus 31
Klerksdorp
2570

GEREGISTREERDE KANTOOR
Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp
2571
Telefoon: 018 464 7800
Faks: 018 464 2228

OUDITEUR
Ernst & Young Inc.
Privaatsak X14
102 Rivonia Weg
Sandton
Johannesburg
2196
Telefoon: 011 772 3000

BELEGGERVERHOUDINGE
Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwes Beperk
Posbus 31
Klerksdorp
2570
Telefoon: 018 464 7104
Faks: 018 464 7121
elmarie.joynt@senwes.co.za

VERHANDELING VAN AANDELE
ZAR X Gelisensieerde beurs vir die verhandeling van Senwesbel-aandele, www.zarx.co.za
Telefoon: 018 464 7105

FINANSIERINGSVENNOOT
Absa Bank Beperk
Posbus 10154
Klerksdorp
2570